OVERKRUINER
ng overkruin
aanbid... gee om... bring hoop...

# Groei in Genade én Invoelingsvermoë – Wat ek tydens Sabbatsverlof oor Emosionele Intelligensie geleer het

Ds. W. Rothmann

Tydens my Sabbatsverlof het ek die voorreg gehad om 'n tyd van verdieping en refleksie aan te wend rondom die tema van **emosionele intelligensie** – iets wat ek al lank as belangrik beskou vir ons geloofslewe en gemeente se kultuur.

Ons hoor gereeld van die belangrikheid van geloof, van kennis van die Skrif en geestelike volwassenheid. Maar daar is 'n ander tipe wysheid wat stilweg net so belangrik is – die vermoë om jou eie en ander se emosies raak te sien, te verstaan en daarvolgens op te tree. Dít is emosionele intelligensie. En hoe meer ek daaroor gelees en geleer het, hoe meer het ek besef: dis nie net vir sielkundiges of maatskaplike werkers nie – dis vir ons almal, veral in die kerk.

**Waarom is dit belangrik vir die kerk?**
Die kerk is 'n plek waar mense met hul hele menswees kom – met hoop én wonde, vreugde én frustrasie. As ons net op verstandelike oortuiging fokus, maar nie sensitief is vir mekaar se emosionele landskappe nie, mis ons iets van Christus se deernis. Emosionele intelligensie help ons om mekaar beter te verstaan – nie om mekaar reg te stel nie, maar om mekaar lief te hê met insig en respek.

**Wat behels emosionele intelligensie?**
Hier is vyf eenvoudige, maar kragtige pilare van emosionele intelligensie:

- **Selfbewustheid** – ek weet hoe ek voel, en hoekom.
- **Selfbeheer** – ek hoef nie my emosies op ander uit te stort nie, ek kan dit bestuur.
- **Empatie** – ek probeer verstaan wat jy voel, en wat jou daartoe lei.
- **Motivering** – ek het 'n innerlike dryfkrag wat sin gee.
- **Sosiale vaardighede** – ek werk aan gesonde verhoudings en kommunikasie.

**Wat het ek ontdek?**
Ek het geleer dat selfkennis en emosionele integriteit my nie minder geestelik maak nie – inteendeel. Dit help my om op 'n gesonder manier pastoraal teenwoordig te wees, konflik met wysheid te hanteer, en selfs my preke meer deernisvol en relevant te maak.

Ek het ook besef dat ons as gemeente 'n geweldige geleentheid het: om as geloofsgemeenskap te groei in hierdie tipe volwassenheid. Dink net watter verskil dit kan maak as ons ouderlinge, kleingroep-leiers en lidmate leer om met empatie, deernis en emosionele insig te luister en te werk. Ons sal dan nie net 'n belydende kerk wees nie, maar ook 'n warm, veilige ruimte vir mense wat worstel, soek en groei.

**Wat nou?**
Ek sien daarna uit om in die komende tyd hierdie temas verder met ons leiers en gemeente te deel. Miskien kan ons saam stilstaan by vrae soos:

- Hoe bestuur ek my emosies wanneer ek in 'n moeilike gesprek is?
- Hoe help ek 'n mede-gemeentelid wat deur rou, angstigheid of konflik gaan?
- Hoe kan ek my geloof en my emosionele volwassenheid saam laat groei?

Mag ons altyd onthou dat Jesus self nie net die waarheid verkondig het nie, maar ook met innige liefde en diep meegevoel teenoor mense opgetree het. Dis my hoop dat ons, as sy liggaam hier op aarde, dieselfde sal doen.

Dankie vir elkeen wat my Sabbatsverlof moontlik gemaak het. Mag hierdie tyd van groei ook tot seën wees vir julle – en vir ons almal saam.

# Hervorming 2025 - vertalings en boekdrukkuns

Tonie Viljoen

Vir die eerste duisend jaar na Christus was daar slegs een Christelike Kerk, wat van die tweede eeu af bekend gestaan het as die Katolieke Kerk. Die woord katoliek beteken algemeen of universeel. Hoewel 'n groot mate van eensgesindheid in die Kerk bestaan het, het daar reeds in die eerste eeu verskille tussen die oostelike en westelike dele ontstaan. Dit het gelukkig nie oor basiese Christelike leerstellings gegaan nie, maar meer oor sake soos die uitdrukking van geloof, die manier om te aanbid en praktiese bestuursake. Die amptelike taal van die oostelike deel was Grieks en van die westelike deel Latyn. Die vraag ontstaan hoeveel misverstand oor taalverskille ontstaan het? Dit bring ons by die eerste vertaling waarvan ons kennis moet neem: die Vulgaat wat 'n vertaling uit Hebreeus en Grieks in Latyn vervat het. Die wegbeweeg oor eeue van die oostelike deel van die westelike deel, het in 1054 tot 'n skeuring gelei met die Rooms-Katolieke Kerk in die weste en die Ortodokse Kerk in die ooste.

Die behoefte om die Bybel vir die gewone Christen in sy moedertaal te hê, het in Engeland ontstaan. Die hervormer, John Wyclif, het reeds in ongeveer 1370, 150 jaar voor Luther se Bybelvertaling, aan die spits gestaan om die Bybel uit die Latynse Vulgaat in Engels te vertaal. Die geskrewe Engels van 1388, volgens Wyclif se Bybel, tweede uitgawe, John 17:1-2: lui so:

“These thingis Jesus spak; and whanna he hadde cast up hise eyen into hevene, he seide: ‘Fadir, the our cometh; clarifie thee; as thou has yovun to hym power on ech fleische, that al thing that thou hast yovun to hym, he yyve to hem everlastynge liif.’”

Sover bekend, het die eerste gedrukte boek in 868 in Sjina verskyn. Die “herontdekking” van die boekdrukkuns in die Weste het eers in 1445 aangebreek, toe Johann Gutenberg deur metaalsetsels drukwerk begin doen het. Tot in dié stadium is skryfwerk vermeerder deur met die hand tekste op papirusrolle oor en oor te skryf. Met die geboorte van Luther in 1483, was die drukkuns in Europa al goed gevestig. Die drukpers was, soos later sou blyk, belangrik in die verspreiding van die Hervormingsgedagtes. Die geskrifte van die eerste Duitse Hervormers, Luther en Melanchton, het 'n wye leserspubliek binne enkele weke in drukvorm bereik.

Volgens geskiedkundiges, het die Hervorming op 31 Oktober 1517 begin met die aanbring van Luther se 95 stellinge in Latyn(*) op die kerkdeur van Wittenberg. Ten eerste, moet in gedagte gehou word dat die hervormers John Wyclif en Johannes Hus reeds in die veertiende eeu standpunte ingeneem het wat die weg gebaan het vir die Hervorming. Ten tweede, was die 95 stelinge nie bedoel as 'n oproep tot hervorming nie. Luther wou hierdeur poog om 'n debat te laat plaasvind oor die teologie van die aflaatbriewe en die kerk se beheptheid met materiële rykdom. Terwyl Luther vir sy lewe moes vlug, het hy onder beskerming van Frederik van Sakse in die Wartburg-kasteel gewerk aan die Duitse vertaling van die Bybel. Dit is egter nie algemeen bekend dat Melanchton 'n belangrike bydrae tot Luther se Bybelvertalings gemaak het nie. Volgens Van Wyk, was Melanchton se kennis van Grieks, Hebreeus, Latyn en Duits veel beter as dié van Luther.

Die boekdrukkuns en vertalings het Suid-Afrika – en veral die Afrikaners – nie onbetuig gelaat nie. Die ou Statebybel het saam met die Nederlanders in die Kaap aangekom en verder met die Voortrekkers noorde toe getrek. Slegs agt jaar na Afrikaans amptelike status verkry het, het die eerste Afrikaanse vertaling van die Bybel die lig gesien. In 1983 verskyn die tweede vertaling en onlangs, 2020, verskyn die jongste vertaling. Verrassend is dat dié uitgawe van Die Bybel in Sjina gedruk is. Drie vertalings in 100 jaar van so 'n jong taal getuig van die liefde vir die Woord van God. Ons dank ons hemelse Vader vir sy voorsienigheid om deur die jare mense te begenadig met soveel gawes om die Bybel vir ons leesbaar en verstaanbaar te maak.

*Skrywer beskik oor 'n eksemplaar van die 95 stellinge in Latyn, Duits en Afrikaans. As iemand daarin belangstel, sal ek dit ter beskikking stel.

Bronne:

Atkinson, James. Hervorming (In: Die geskiedenis van die Christendom). Atkinson is professor, Universiteit van Sheffield, Engeland.
Dowley,Tim. John Wyclif (In: ibid). Dr. Dowley is historikus en die skrywer van verskeie boeke oor die Christelike Godsdiens.
Van Wyk, Ignatius W.C. Philipp Melanchton – Die denker, leermeester en opvoeder van die Reformasie.

# BELYDENIS VAN NICEA 325 N.C.

Tonie Viljoen


Reeds in die eerste eeu, nog voor die laaste boeke van die Bybel geskryf is, het dwaalleraars beweer dat Jesus nie werklik mens en tegelyk ook Seun van God was nie. Hulle standpunt was, óf Jesus was net 'n mens, óf net God, aldus Jordaan. Omstreeks 318 n.C. het geskille in kerklike geledere sterk na vore gekom, en tot onrus gelei. Dit het in die besonder gegaan oor Arius, 'n presbiter (ouderling) en prediker in Alexandrië (Egipte) se standpunt oor die Vader-Seun-verhouding. Hy het beweer dat die Vader alleen God is en dat die Seun in sy *wese* anders as die Vader is. Daarbenewens het hy geleer dat die Seun nie van ewigheid af bestaan nie; Christus nie God kan wees nie, want as daar meer Persone bestaan wat Goddelike natuur besit, die eenheid van God in die gedrang kom. Arius se volgelinge, bekend as Ariane, het mettertyd steun verwerf en bygedra tot die onrus. Keiser Konstantyn wat in dié stadium, benewens die westelike deel, ook die oostelike deel van die Romeinse Ryk onder sy beheer gekry het, was verontrus toe hy verneem het dat sy oostelike gebiede, volgens Wright, oor 'n "teologiese nietigheid" verdeel is. Hoe verkeerd was hy tog nie!

Keiser Konstantyn het vervolgens besluit om 'n konsilie (sinode) van biskoppe te belê om die geskil by te lê. Dit het plaasgevind in 325 n.C., 1 700 jaar gelede in Nicea, tans bekend as Iznik in Turkye. Die konsilie het plaasgevind in die keiserlike paleis. Konstantyn was self voorsitter by die openingsessie. Dit mag ook wees dat hy voorgesit het toe die Ariaanse kwessie bespreek is. Konstantyn se rol by die konsilie illustreer die verandering wat ingetree het in die verhouding tussen die staat en die kerk in die Romeinse Ryk, des te meer as in gedagte gehou word dat die vervolging van Christene skaars 'n dekade of wat vantevore beëindig is. Die konsilie het Arius se stellings eers uit die Skrif bestry, maar Arius het elke keer die betrokke teks anders uitgelê, op 'n manier om sy standpunt te ondersteun. Uiteindelik het die konsilie besluit om 'n geloofsbelydenis op te stel waarin Arius se leer duidelik verwerp word. Biskop Athanasius wat deur die jare 'n felle stryd teen Arius en sy volgelinge gevoer het, het sy invloed laat geld tydens die opstel van die belydenis. Die konsilie het die verhouding tussen die Vader en die Seun beskryf met die Griekse term *homo-ousios,* wat *eenswesens* of *een-in-wese* is, dus, Christus is eenswesens of een-in-wese met die Vader. Hierdie term het die afvaardiging geskep op grond van onder meer Johannes 14:7-11: "Glo My dat ek in die Vader is en die Vader in My; 17:11 ("...sodat hulle een kan wees net soos Ons").

Van die belydenisskrifte, is die Apostoliese Geloofsbelydenis die bekendste en is deur die jare selfs deur lidmate van NG Overkruin gememoriseer. Dié Belydenis het in ongeveer 150 n.C. spontaan ontstaan en in 500 n.C. finale beslag gekry. Hierin word die menswording van Jesus beklemtoon. Die Belydenis van Nicea is wel tydens die konsilie in 325 n.C opgestel, maar eers tydens die konsilie van Konstantinopel in 381 n.C. finaal goedgekeur. In hierdie Belydenis val die klem op die Goddelikheid van Jesus. Aucamp is in die kol as hy daarop wys dat belydenisskrifte nie op 'n mooi dag uitgedink is nie, maar gebore is uit die stryd van die kerk.

Dit sal wenslik wees as oorweeg kan word dat die Apostoliese Geloofsbelydenis in die erediens by geleentheid afgewissel kan word met die Geloofsbelydenis van Nicea.

Bronne:
*Die Geskiedenis van die Christendom*: Artikel hierin: Wright David F., senior dosent in Kerkgeskiedenis, Universiteit van Edinburg, Skotland: "Konsilies en Belydenisse".
*Die Kerkblad*, Julie 2025: Artikels hierin: Aucamp, Cassie, redakteur, "Belydenisse". d'Assonville, dr. Victor E, GK Postmasburg/RTS Heidelberg, Duitsland: "Christus as ware God". Jordaan, prof. Gert, emeritus TSP: "Homo-ousios: Christus eenswesens met die Vader".



# Die "The Real Housewife"

Antoinette Lourens

'n Heerlike oggend van skaterlag, selfondersoek en nadenke. Lizz Meiring is voorwaar 'n kunstenaar van formaat. Haar vertoning begin met 'n kort oorsig van hoe dinge agter die skerms van die *Real Housewives* op die TV werk. Wat daar te siene is, is nie die ware werklikheid nie. Met hierdie vertoning skep sy 'n karakter wat sy as die ware en opregte "housewife" in die lewe beskou. Sonder al die goud en glans en tot by haar ore toe onder die werk en verantwoordelikhede. Dus, altyd aan die hardloop en nie met baie tyd vir ekstra dinge nie.

Afkondigings in 'n kerkblaadjie wat haastig beplan is, kan groot verwarring veroorsaak. "*Moenie dat bekommernisse jou doodmaak nie. Laat die kerk jou help*" en "*Ons het vanaand 'n byeenkoms in sowel die oostelike as die westelike vleuel van ons kerkgebou. Babas sal weerskante gedoop word.*" Wat aanvanklik net 'n gegiggel van die gehoor was, het later in volskaalse skaterlag omgesit. Soms is koerantopskrifte ook nie deeglik oordink nie: byvoorbeeld: "*Meeste dokters glo dat asemhaling gesond is*" en "*Hawelose man onder huisarres*"!

Dan het sosiale media ook intussen in die huisvrou se besige lewe kom nesskop, en boodskappe word soms baie vinnig uitgestuur. Slegs een verkeerde letter kan konsternasie veroorsaak. 'n Boodskap op WhatsApp soos "*Liewe almal, ons het 'n nuwe reis aangepak. Ons gaan skei*." kan katastrofiese gevolge van familie en vriende se kant af hê. Almal, van die oudste tot die jongste, van die rykste tot die armste, reageer in afgryse op die boodskap. Eintlik het sy bedoel "Ons gaan SKI." Net een letter het tot volskaalse chaos gelei. Soms word haar hulp selfs ingeroep om te help met vertaling van teks van Afrikaans na Engels, en sy moet fyn trap om 'n geskikte vertaling voor te lê. Hierdie ware huisvrou lees een van haar gedigte, *Die sirkel*, voor waar sy van ons mooiste, maar vir baie ook totaal onbekende woorde, in Afrikaans gebruik – maaifoedie, swerkater, skobbejak, pollevink. Sy wens net almal kan dieselfde sentiment oor ons Afrikaanse taal hê.

In die skets *Ligtoring vir verlore siele* red 'n afgetrede vrou, waarskynlik nou 'n huisvrou, 163 mense se lewe en bring hulle in haar huis in vir 'n koppie tee. Die vrou weet tee is troos, maar koffie is aggressief. Op die bekers wat sy gebruik staan "Hope is a 4-letter word" en op die ander een "Life is a 4-letter gift". Sy maak tyd vir haar medemens, en dit is díe belangrikste!

Hierdie ware huisvrou, wat deur haar vriende en kollegas Bizzie Lizzie genoem word, glo dat daar gereeld gelees moet word, want lees maak haar kop en hart oop. Julle kan gerus na hierdie huisvrou se sketse gaan luister by [https://maroelamedia.co.za/afrikaans/luister-hoor-hier-met-lizz-meiring/](https://maroelamedia.co.za/afrikaans/luister-hoor-hier-met-lizz-meiring/)

Dit was 'n vreugde om hierdie ware, maar uiters besige huisvrou, se vertoning te kon bywoon. Sy het ons gewys wat dit beteken om 'n ware huisvrou sonder al die glans te wees. Een wat haar medemens eerste stel en vir ander omgee.

# Wolmerbreiprojek

Wolmer sê baie dankie vir elke bondel wol en ander verwerkbare materiaal wat gereeld geskenk word. Die flukse span dames verdien groot dank, wat truie met die wol gebrei het en die afgelope winter aan kinders beskikbaar gestel kon word. Spesiale dank aan Bets Henrico wat die materiaal in stoelsakkies vir die 2026 se gr.1-klas omskep het. Van die stukkies materiaal is in boontjiesakkies verwerk en die geskenkte leer word deur dames, wat leernaaldwerk doen, gebruik om nuttige leerartikels te vervaardig.

Niks wat geskenk word, gaan verlore gaan nie, en lewer 'n groot bydrae om 'n verskil in gesinne se behoeftes te maak.

# Lentesangdiens, 7 Sept. 2025

Die Lentesangdiens van die Gemeente op 7 September 2025, met pragtige stelkleding en estetika, luisterryke uitvoerings deur koorsang en musiekkunstenaars, het hierdie geleentheid in 'n ware lentefees omskep.

Gideon Brits, ons orrelis, se beplanning en leiding was weereens uitstekend. Benewens die orreluitvoerings en koorsang, het Marie Benadé (viool) en Neels Claassen (trompet), die musiekbydraes en sang vervolmaak. Elsa Weber en Chris Smit was verantwoordelik vir die stelkleding en estetika. Ds. Willie Rothmann se boodskap was uit Openbaring 21:5 met die tema: "Kyk, Ek maak alles nuut." Hy het beklemtoon dat die skepping en seisoensveranderinge bevestig dat God steeds besig is met die skepping en nuutmaak. Ds. Rothmann het voorts die hoop uitgespreek dat hierdie feestelike geleentheid vir ons 'n boodskap van hoop en geestelike vernuwing sal meebring.

# Aanddienste

Aanddienste by NG Overkruin word deur sowat 50 en meer gemeentelede bygewoon. Hierbenewens skakel sowat 147 kykers gereeld in op die aanlynuitsending. Drie talentvolle jong dames lei saans die sang.

Op 21 September 2025 het ds. Heinrich Stapelberg die Woord uit Genesis 6:5-8 bedien, met die tema: "Glo God in my?" Dit is 'n baie aktuele vraag as verhale en gebeure uit die Bybel nader bekyk word. God word baie deur die mens, sy skepping, teleurgestel. God tree egter telkens genadig op en kom met oplossings, wat duidelik bewys dat God in ons glo en ons nie in sy koninkryk uitsluit nie. Ons kan glo dat God in ons bly glo, want Jesus Christus bevestig dit dat God altyd in ons sal glo en nooit sal ophou om vir ons lief te wees nie. Dit doen 'n belangrike beroep op elkeen van ons om sy liefde te beantwoord en te glo.

# Dames-*retreat*

Orna van der Merwe

Wat 'n ongelooflike, diep geestelike ervaring was dit nie! 'n Groep van 13 dames het by die Good Shepherd Retreat bymekaar gekom vir 'n naweek se stilword rondom Psalm 139. Die psalm het nuwe betekenis gekry en ons kon dieper delf in die boodskap dat God elkeen van ons wonderbaarlik en uniek gemaak het. Nie net het ons saamgesels oor die boodskap nie, daar was ook tyd vir alleen stilword saam met God. Hierdie stilword, het ons bekers weer volgemaak en elkeen het verryk daar weggegaan.

Deur die loop van die naweek was daar ook tye om kreatief te raak in aansluiting by die oorhoofse boodskap. Die mooiste skeppings is gemaak uit klei, en elke dame kon met 'n uniek geskepte mosaïek-pothouer huis toe gaan. Die kos was uit die boonste rakke, en ons het heerlik geëet en gekuier tydens etenstye.

Nuwe vriendskappe is gevorm en ons sien uit na die *retreat* wat in Augustus 2026 gehou gaan word. Meer inligting rondom die naweek sal vroeg in 2026 verskaf word. Ons hoop om volgende jaar meer dames daar te sien!

# Muskiekkonsert

By NG Overkruin is dit elke keer meer as die moeite werd om op 'n Sondagmiddag om 15:00 'n middagslapie in te boet om 'n musiekkonsert onder Gideon Brits se leiding by te woon. Op Sondag 31 Augustus was dit weer so 'n geleentheid.

Die itemkeuses en kunstenaars was uit die boonste rakke en meer as 200 musiek- en sangliefhebbers het die geleentheid bygewoon. Die volgende kunstenaars het opgetree: Gideon Brits (programleier); Johan Coertzen (tenoor); Kobus Groenewald en Jaco Vermaak (klavier), Christiaan Holm (viool); Jan van Zyl, Jaco Vermaak en Gideon Brits (orrel).

Gideon het al die kunstenaars bedank en geskenkies aan hulle oorhandig. Dank is ook oorgedra aan Carel van der Merwe vir die hantering van die databord. Gideon het ook 'n geskenk aan sy moeder, Hannie Brits, oorhandig vir haar hulp met die stem van die orrel. Die orrel moet gereeld met die verandering van seisoene, gestem word.

# Garageverkoping

NG Overkruin se Garageverkoping was 'n lang en suksesvolle werkskof deur 'n toegewyde span helpers. Die verkoping het van 24 Augustus tot 4 September 2025 gestrek. Eintlik is dit net die oortjies van die seekoei.

Wat in die maande en dae voor hierdie verkoping plaasvind, is dikwels onbekend. Van die dag na die vorige verkoping tot die volgende jaar se opening, word geskenkte goedere deur Rudi van Heerden en Piet Swanepoel aangery en geberg. 'n Span dames sorteer en klassifiseer die klere. Elektriesaangedrewe goedere word getoets en waar nodig en moontlik, herstel. Dae voor die opening, kom die groot uitpak en beprysing, op sigself 'n energietappende taak.

Na die afsluiting van die verkoping, het die helpers saam met hulle wederhelftes op Vrydagmiddag, 5 September 2025 nabetragting gehou, die komiese insidente met mekaar gedeel en 'n hamburger gebraai en gesellig saamgeëet.
Hierdie span helpers verdien die grootste lof en dank vir hul volharding en deursettingsvermoë.

# Belydenisaflegging en doop, 21 Sept. 2025

Dié dag was 'n mooi onthoudag vir familie en gesinne wat die belydenis van geloof en die doop van gesinslede kon ervaar. Boweal, was dit ook die verjaarsdag van ds. Willie Rothmann, wat die erediens gelei en die plegtighede waargeneem het.

Ds. Rothmann se boodskap was uit Jes 44:1-5 en Mark. 10:13-16. Hy het beklemtoon dat God vir die mens in nood soos water – só 'n belangrike lewensgewende element – sal wees. Hy staan ook by sy beloftes.

Bruné en Lorraine Booysen, Morné Shoeman, Rudolph de Bruto, Wilmarie van der Westhuizen en André Neethling het belydenis van geloof afgelê. Die dopelinge was Wilmarie van der Westhuizen, Luné Hannah en Argonout Booysen.

Hierdie dag is so 'n belangrike baken op hul lewenspad. Ons wens hulle, hulle ouers en familie die Here se seënwense toe. Die Gemeente verwelkom hulle met liefde en blydskap.

NG Overkruin se verjaarsdag – 22 September – is terselfdertyd gevier. Dis na die diens gevier met 'n vingerete in die saal. 'n Groot dankie aan Louise van den Heever en die spanlede wat die Gemeente se verjaarsdagviering so spesiaal gemaak het. Daar is heerlik gekuier en geëet.

# Nagmaalles - gr. R-6

Orna van der Merwe

Op Sondag 7 September 2025 het die graad R tot 6 GLO-kinders, 'n baie spesiale les gehad. Al die kinders het in die kerk bymekaar gekom. Ds. Willie Rothmann het hulle geleer van Jesus en sy dissipels se laaste maaltyd voor Jesus se kruisiging. Wanneer die brood gebreek word, moet ons aan Hom dink en onthou dat Jesus se liggaam vir ons gebreek is en die wyn is 'n teken van sy bloed wat gevloei het sodat al ons sondes weggewas kon word.

Die Paasete het die Pasga, wat vroeër gevier was om die uittog uit Egipte te herdenk, vervang omdat ons nie meer die uittog herdenk nie, maar Jesus se dood en opstanding.

Ons het geleer dat die kerk besluit het dat kinders ook die nagmaal mag gebruik, omdat Jesus se genade groot is en elkeen, ook kinders, insluit.

Ds. Willie het elke kind en hulle ouers uitgenooi om die nagmaal saam met hom te geniet. Na die geleentheid glo ons dat die kinders die nagmaal en die redes waarom nagmaal gevier word, beter verstaan.

# Pannekoek-bederf

Orna van der Merwe

Die aanddiens-bywoners is op 14 September 2025 bederf met pannekoek na die erediens. Almal het gesmul aan die pannekoek. Moet sê, die reuk het diewag tot ná die diens, moeilik gemaak! Baie dankie aan die ouers van die Senior Geloofsontwikkeling vir hierdie inisiatief.



# Kuierhoekienuus

Om Kuierhoekiegeleenthede by NG Overkruin mis te loop, is 'n groot verlies. Fienie van Heerden en haar ondersteunende komiteelede en getroue helpers, verseker dat elke geleentheid in die behoeftes van die Kuierhoekiegangers voorsien. Met Antoinette en Dirk Lourens, Retief Hitchcock, Bonita Stander, Chris Smit, Elsa Weber, Francois Pretorius, Deon van Heerden, Karin Fourie, Rudi Van Heerden en Piet Swanepoel, het Fienie 'n wenspan helpers aan haar kant.

Op die koue wintersoggend van 3 Augustus 2025 het ons die voorreg gehad om na die aangrypende emosioneel-belaaide fliek, *August Rush* te kyk. Dié fliek het nogal 'n aantal nat oë tot gevolg gehad.

Op 5 September 2025 was dit die geleentheid om jou stokperdjies ten toon te stel. Dit was so bemoedigend om waar te neem hoe konstruktief afgetredenes hul vryetyd tot heil van lewensvreugde, goeie gesondheid en betekenisvolle lewensbeginsels aanwend. Dié geleentheid is baie goed ondersteun, en die saal is in 'n ommesientjie in 'n interessante vertoonlokaal omskep.

Natuurlik gaan elke geleentheid met iets lekkers te smul en drink gepaard. Hou gerus die Kuierhoekie se jaarprogram dop, en maak seker om niks mis te loop nie.

# Pretdag: Jnr. GLO

Orna van der Merwe

'n Groepie kinders het op Saterdag 13 September 2025 by die kerk bymekaar gekom vir 'n heerlike kuier. So tussen die fietsry en speel, het ons ernstig saamgesels oor die belangrikheid van gebed in ons lewe. Ons het saam besluit dat die voorbeeld wat Jesus vir ons stel, ook deel van ons lewe moet wees. Elkeen is huis toe met 'n deurhanger wat hul gemaak het om hul stilword-tyd saam met God makliker te maak. Soos gewoonlik, het ons heerlik geëet en vriendskappe gebou. Volgende jaar se Pretdag is reeds beplan!

AANVAAR ALLE POLISSE | BEKOSTIGBARE BEGRAFNISDIENSTE

Lize Bothma
Begrafnisdienste



Visvangerstraat 250, Montanapark
(012) 755 5530 | 083 244 1653 (Alle ure)
lize@lbfunerals.co.za
www.lbbegrafnisdienste.co.za

# Ter Nagedagtenis





**Regs: Annatjie Luther**
25.02.1931-23.06.2025



**Links: Hester Potgieter**
26.02.1947-05.06.2025

**Bo: Maryna Saaiman**
12.04.1956-27.27.05.2025



**Links: Lulu van der Westhuizen**
13.06.1930-17.07.2025





**Bo: Hanli Cordier**
04.05.1972-24.06.2025

**Bo: Paul Greyling**
15.04.1930-03.07.2025



**Links: Hannes Botha**
04.02.1942-21.07.2025



**Links: Koos Mouton**
21.03.1943-24.07.2025

**Regs: Jeanette Struwig**
06.01.1947-04.08.2025







**Links: Owen Vorster**
30.05.1938-26.09.2025



**Bo: Cindy Lamprecht**
25.10.1966-25.08.2025

**Links: Rip van Wyk**
14.01.1941-19.08.2025

**Murray Vlok**
20.07.1939-25.08.2025